Die KROK'ANT

Jaargang 11 • Volume 1

Elektronies

Op die GKSA - kerkwerf

Elektroniese Kro'Kant...
hoe dan nou??

Wat my en my familie betref,
ons sal die Here dien...

Sustersdinge

Belydenisklas 2016

So spreek die Here...

VAN GEWORSTEL TOT GELOOF

Die Profeet Habakuk begin sy boek met 'n worsteling. Hy worstel met die Here:

Hoe lank met ek om hulp roep voordat U hoor Here, moet ek bly kla oor geweld voordat U red? Waarom laat U my die onreg sien wat gedoen word, waarom kyk U toe as daar soveel ellende is? (Hab. 1:2 & 3)

In die samelewing rondom Habakuk was daar onderdrukking, onreg en geweld. Wetteloosheid en bakleiery was aan die orde van die dag. Die land en sy mense was in 'n verskriklike toestand. Hy as profeet het gepreek, maar dit het niks gehelp nie. Hy het gebid dat die Here moet ingryp, maar niks gebeur nie. Dit het vir hom gevoel asof die Here afwesig is.

Maar dan, blykbaar na 'n geruime tyd, antwoord die Here. Hierdie antwoord is egter teen alle verwagting in:

.... Julle sal verstom staan oor wat julle sien. Ek gaan nog tydens julle lewe iets doen wat julle nie sal glo as dit vir julle vertel word nie. Ek gaan die Galdeërs laat kom, die woeste wrede nasie.... (Hab. 1:5 & 6)

Die Here se antwoord laat Habakuk met 'n groter probleem: Waarom beantwoord die Here die geweld met meer geweld en die onreg met groter onreg? Dan besluit Habakuk om op die Here te wag. Hy sal wag om te hoor wat die Here wil hê dat hy die mense van Juda moet antwoord. En dan kom die se antwoord. Habakuk kry opdrag om die antwoord in duidelike letters op kleitablette te skryf sodat almal dit sommer in die verbygaan kan lees:

Wie nie reg gesind is nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly. (Hab. 2:4)

Hierdie boodskap het met die mens se gesindheid te doen. Die selfversekerde en hoogmoedige mens (Galdeërs), sal hulle verdiende loon kry. Die Here sal hulle stuur om die volk Juda te straf vir hulle verkeerde optrede (vgl. Hfst. 1:12), maar hulleself sal ook aan die pen ry. Die volke wat onder hulle gewelddadige optrede deurgeloop het, sal later spotliedjies oor hulle sing. (vgl. Hfst. 2:6) Vyf keer word daar na die ellende verwys wat hulle onder die oordeel van God sal ervaar.

Maar Habakuk kyk nou met ander oë, met sy geloofsoë. Hy het geleer om seker te wees van die dinge wat hy hoop en oortuig te wees van die dinge wat hy nie sien nie (Heb.11:1). Hy kyk nou na die lewe rondom hom met Godversekerdheid. Hy weet dat die magtige teenwoordigheid van die Here oral op aarde geken sal word net soos die waters die seebodem bedek (Hab. 2:14) Uiteindelik sal almal in God se teenwoordigheid stil wees (Hab. 2:20). Die goddelose omdat hulle stomverbaas sal

wees oor die Here se grootheid en almag. Die gelowiges omdat hulle met heilige ontsag en eerbied voor Hom sal buig. Ja op die einde *sal elke knie buig en elke tong bely: Die Here alleen is God. Hy het alle mag in die hemel en op aarde.*

Daarom begin Habakuk weer bid (Hfst. 3), maar nou bid hy anders. Hy kla nie meer nie. Sy wordteling is verby. Nou bely Hy net:

> *Here ek het gehoor wat van U vertel is en ek is vervul met ontsag vir wat U gedoen het. Doen dit ook in ons tyd, laat u dade ook in ons tyd ervaar word, ontferm U selfs in u toorn (Hfst. 3:2).*

Nou weet Habakuk God is ten volle in volle beheer. Hy is steeds bang vir dit wat kom – daardie woeste wrede nasie – en selfs die ballingskap, maar hy weet ook dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is (vgl. Rom. 8:28)

Daarom kan hy afsluit met sy bekende lied:

> *Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God my Redder: Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.*

Ons leer so baie uit dit wat die Here in en deur sy profeet Habakuk in sy Woord openbaar. Dit is so aktueel vir ons situasie vandag in ons tyd en omstandighede. Ons kan nie anders as om ook saam met die profeet laag voor die Here te buig nie. Ons besef: Die Here is almagtig. Hy is in beheer en Hy is in en deur ons Here Jesus Christus ons Vader. Daar sal nie eers 'n haar van ons koppe val sonder sy wil nie. Glo in Hom en lewe met sy liefde en vrede in jou hart!

- Danie de Kock -

Op die GKSA - Kerkwerf

BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE 2016

Ds Cassie Aucamp

- Sedert 2000 beslaan dit 470 bladsye van die Handelinge van ons Nasionale en later Algemene Sinodes;
- In 2009 het die Sinode in Januarie in reses gegaan en in Julie spesiaal daarvoor teruggekom en weer 'n besluit geneem het;
- In 2012 het die Sinode "vir die kantlyn geskop" en Deputate aangewys om advies te gee oor die hantering daarvan;
- In 2015 het ons 'n nuwe kerklike vergadering, genaamd 'n Spesiale Sinode daarvoor in die lewe probeer roep.

Ek praat van die saak van vroue in die besondere dienste.

Die geldende besluite was dié van 2003 dat vroue diakens kan word, en dié van die verlengde Sinode van 2009 dat vroue nie ouderlinge en predikante kan word nie. Een beswaarskrif teen die 2003-besluit, en ses teen die 2009- besluit, het die agenda van die Sinode 2016 uitgemaak.

Spesiale Sinode sneuwel

Eers moes die 2015-besluit tot die daarstel van Spesiale Sinodes onder die loep kom. Die besluit het behels dat 'n verkleinde Sinode van 28 ouderlinge en 28 predikante opgeroep sou word om oor 'n tyd te vergader totdat eenstemmigheid oor die "wesenlike saak" van die vrou in die dienste verkry is. Van meet af aan was daar ernstige besware teen die daarstel van so 'n Spesiale Sinode. Die eerste drie Streeksinodes het besluit om nie na so 'n moontlike Sinode af te vaardig nie en twee het kragtens Art.51 KO gevra vir die oproep van 'n volle Buitengewone Algemene Sinode.

Die Buitengewone Sinode se eerste taak was om

die beswaarskrifte oor die Spesiale Sinode te hanteer. Die beswaarskrifte het oorhoofs geslaag. Ter wille van volledige kerkordelike duidelikheid oor Spesiale Sinodes is die verskeie beswaargronde na deputate verwys sodat 'n volgende Algemene Sinode daaroor kan oordeel. Die duidelike versugting by al die sinodegangers was: ons moet nou die saak van vroue in die spesiale dienste deeglik en duidelik aan die orde kry en die beswaarskrifte daaroor behandel en daaroor uitspraak gee.

Sinode byna ontspoor

Onverwags het 'n saak egter opgeduik wat die potensiaal gehad het om die Sinode te laat ontspoor en ons kerke ernstig te verdeel: die taalmedium. Uit die geledere van afgevaardigdes van die swart kerke wat sedert 2009 saam met die hoofsaaklik Afrikaanse kerke in sinode vergader, is ernstige protes aangeteken teen die gebruik van Afrikaans as "algemene taal" tydens die Sinode, wat dan weer in Engels via oorfone getolk word.

Na spanningsvolle en dikwels emosionele bespreking van meer as 'n dag hieroor, het 'n aantal van die gegriefdes saam met die moderamen en 'n paar vrywilligers vergader . Uit die gespek is die voorstel gebore wat eenparig deur die sinode aanvaar is.

Die moderamen sal beide Afrikaans en Engels gebruik om agendasake aan die orde te stel. Afgevaardigdes behoort hulle beste te doen om effektief te kommunikeer tot voordeel van almal. Afgevaardigdes mag hulle moedertaal vrylik gebruik en direkte interpretasie behoort dan bekom te word. Dit gaan nie oor wat die beste is vir enige groep nie (wit of swart), maar wat goed is vir die agenda van die Koninkryk.

Met groot dankbaarheid teenoor die Here is die saak opgelos en kon die vergadering daarna met vrede en harmonie sy agenda afhandel.

Deeglike besinning en besluit

Die Sinode het hierdie keer 'n spesiale werkswyse gevolg. Die meer as dertig beswaargronde teen die besluit dat vroue nie predikant of ouderlinge mag word nie, versprei oor ses beswaarskrifte heen, is tematies ingedeel. Hierdie temas is na kommissies verwys, bespreek en beoordeel. Sodoende kon kommissies spesialiseer en kon die sinode saaklik, geordend en gefokus besin en besluit. Die vyf temagroepe was: Openbaringshistoriese aspekte Korinthiërs 14; I Timotheus 2; Kerkregtelike aspekte en praktiesgerigte sake.

Deeglike kommissierapporte is gelewer. Deurdagte en vrymoedige bespreking is gevoer. Duidelike besluite is geneem. Die beswaarskrifte is afgewys, en die besluit van 2009 bly staan. Ook die enkele beswaarskrif teen vroue-diakens is afgewys, en die besluit van 2003 bly staan.

Persoonlike indrukke

- As ek die OVK was,sou ek met vrymoedigheid die sinode "as vry en regverdig" verklaar! Elke beswaargrond is deeglik behandel, bespreking was oop en vrymoedig, en die voorsitter onpartydig.
- Bespreking en besinning was veel minder "tegnies", en meer inhoudelik en prinsipieël.
- Die Sinode het die ou waarheid bevestig: 'n meerdere vergadering moet maar in verantwoordelikheid teenoor die Here sy agenda afhandel, in die lig van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Ompaaie, kortpaaie of spesiale paaie werk nie, hoe goed ookal bedoel.
- Ek is met dankbaarheid teenoor die Here daarvan oortuig dat sowel die netelige taalkwessie as die lank-uitgestelde vroue-kwessie nie die eenheid in ons kerke in gedrang gebring het nie.
- Hulle wat verheug is oor die besluit, mag nie triomferend-veroordelend teenoor die ander staan nie. Ek is oortuig daarvan dat ook hulle standpunte ingeneem is met eerbiedige erkenning van die gesag van die Woord van die Here. Ons Belydenis en ons dierbare gemeenskaplike geloof was volgens my beskeie oordeel nie op die spel nie.
- Hulle wat teleurgesteld is in die besluit moet onthou, al sou hulle verskil: die besluit wat ons geneem het is 'n afspraak wat ons saam in afhanklikheid van die Here met mekaar gemaak het. Kom ons hou by ons afspraak, die eer van die Here en die heil van sy kerk is daarmee op die spel.
- Laat ons almal dankbaar wees dat 'n saak wat ons agendas oorheers het en waarvoor ons so lank teruggedeins het , ordelik en met eer afgehandel is. Nou kan ons saam en met volle oorgawe fokus op ons taak en roeping as kerk van die Here.

Mag die volgende 470 bladsye van ons Handelinge in beslag geneem word deur ons roeping tot die opbou en die uitbou van sy kerk en die verbreiding van die Evangelie!
(Oorgeneem uit Die Kerkblad Feb 2016)

Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

Februarie 2016

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

SINODEBESLUIT:

GEEN GROND VIR SKEURING OF VERDEELDHEID NIE

C F C Coetzee - Redakteur van Die Kerkblad

Besluit van die Buitengewone Algemene Sinode, Januarie 2016

Dit is nou reeds goed bekend dat die Buitengewone Algemene Sinode van die GKSA (11 tot 16 Januarie) die besluite van Sinodes 2003 en 2009 oor die vrou in die besondere dienste gehandhaaf het. Dit beteken dat vrouelidmate steeds tot die diens van diaken toegelaat word, maar nie tot die diens van ouderling of predikant nie.

Reaksie en implikasies

Dit is te verwagte dat die Sinodebesluite, nadat die saak vir ongeveer dertig jaar op verskillende maniere ter tafel was (beskrywingspunte, studierapporte, beswaarskrifte) nie sonder rimpeling en implikasies deel sal word van die geskiedenis nie. Daar is die lidmate en gemeentes wat rustig en tevrede sal wees met die besluite wat geneem is en wat beteken dat niks sedert 2003 en 2009 verander het nie. Daar is ook lidmate en gemeentes wat ontsteld is en steeds beswaard voel. Dit blyk nie net uit reaksie in die openbare media nie. Daar is ook gemeentes wat op gemeentevergaderings die saak van vroue in die besondere dienste wil bespreek. Die opsie word blykbaar selfs oorweeg om op "independentistiese" (onafhanklike) wyse voort te gaan om vroue ten minste as ouderlinge te bevestig.

Die implikasie van so 'n besluit sou kon wees dat spanning tussen gemeentes in Klassisverband (en wyer) kan ontstaan en dat vroue-ouderlinge in 'n verleentheid kan kom. 'n Wesenlike vraag sou byvoorbeeld wees of 'n gemeente vroue-ouderlinge kan afvaardig na meerdere vergaderings. Op hierdie wyse kom daar spanning tussen die besluit van die betrokke kerkraad en die besluite van die Algemene Sinode.

In die kerkreg van ons kerke ken ons ook nie iets soos die "ratifikasiereg" nie, wat beteken dat kerke, na afhandeling van 'n sinode, in 'n aparte proses, eers weer besin of hulle ook die besluite aanvaar al dan nie, behalwe as hulle 'n beswaarskrif na 'n volgende sinode oorweeg.

Geen grond vir skeuring of verdeeldheid nie.

Ons sou veel meer kon sê oor moontlike implikasies van die besluit. Die standpunt wat ek in hierdie artikel egter baie sterk wil stel, is dat die sinodebesluit geen grond gee vir skeuring of verdere verdeeldheid nie. Ek sou ook dieselfde standpunt verdedig het as die besluit anders sou val en vroue wel toegelaat sou word tot al die dienste.

En die rede vir hierdie standpunt is dat die saak van die posisie van die vrou as sodanig nie 'n belydenis-saak is nie. Die kwessie van verskille in standpunt oor die vrou in die besondere dienste lê dus nie op die vlak van die leer (dogma) van die kerk nie. Dit raak nie die kernwaarhede van die Skrif nie. Dit raak eerder die eksegetiese (die werklike verstaan en uitleg van tekste) en hermeneutiese aspekte (beginsels vir die verstaan en uitleg van tekste).

Ons belydenisskrifte is formulerings van die kernwaarhede van die Skrif (die capita doctrinae – hoofwaarhede). Dit is sake soos die Godsleer, insluitende die leer oor die Drie-eenheid, die twee nature van Christus, sy maagdelike geboorte, soendood, liggaamlike opstanding, die sakramentsleer, die uitverkiesingsleer, die leer oor die kerk en die voleinding, ens.

Wie sou daaraan dink om die saak van die vrou op een lyn met hierdie sake te stel? In ons kerke is selfs 'n saak soos die duisendjarige vrederyk (Chiliasme) nie grond vir skeuring nie, omdat dit nie die wese van die verlossingsleer raak nie.

Daar mag slegs afskeiding van 'n kerkgemeenskap wees waar daar na ernstige en langdurige vermanings en oproepe tot bekering, volharding is op die pad van dwaalleer, waardeur die eienskappe en merktekens van die kerk in die gedrang kom(vgl ons Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 28). Sulke voorbeelde vind ons in die geskiedenis in die Hervorming van die sestiende eeu en in die negentiende eeu in die herstigtings van gereformeerde kerke, bv in die RSA (GKSA), in Nederland, Skotland en die VSA.

Die pad vorentoe

Die geloofseenheid wat ons met mekaar in die GKSA deur God se genade het, en die Bybelse opdrag om die eenheid te bewaar, moet vir ons absoluut kosbaar wees in ons tyd. Ons mag voor die Here mekaar nie los nie.

Hoe gaan ons dan nou vorentoe ná die sinodebesluit? In terme van Artikel 46 van ons Kerkorde kan die saak van die vrou in die dienste van predikant en ouderling slegs weer op die agenda van die Algemene Sinode kom as daar betekenisvolle en grondige argumente en bewyse vanuit die Skrif as nuwe materiaal op die tafel gebring word.

Tog mag die saak nie in die doofpot gegooi word nie. Daarvoor is die saak te belangrik, soos ook blyk uit die feit dat soveel Gereformeerde kerke (ook ander kerke soos die Anglikaanse en Rooms Katolieke Kerke) wêreldwyd daarmee besig is (hoewel dit nie met die leer van die saligheid te doen het nie, soos hierbo aangetoon is).

Die studie en gesprekke op ander platforms as die sinode, moet dus voortgaan op 'n liefdevolle, broederlike, Skriftuurlik-Gereformeerde wyse. Saam (let wel, nie teenoor mekaar nie) moet ons biddend afhanklik bly luister na God se Woord en die welwese van sy kerk soek, ook saam met ons geloofsgenote oor die wêreld. En mag God op sy tyd aan ons volle duidelikheid gee.

Daar is ook talle manslidmate (die oorgrote meerderheid) wat nie in die besondere dienste staan nie. Maar nie een van hulle kan gemis word in die liggaam van Christus nie (1 Kor. 12). Netso is daar wesenlike aspekte van ons kerkwees waar die gawes van ons vrouelidmate eenvoudig onmisbaar is. Laat ons dit voluit benut en gebruik tot eer van ons Bruidegom.

(Oorgeneem uit Die Kerkbald Maart 2016)

Elektroniese Kro'kant -- hoe dan nou??

EK EN TEGNOLOGIE : 10 MANIERE HOE TEGNOLOGIE ONS BEÏNVLOED

~ PAUL GROBLER (WATU YOUTH VILLAGE & GK BROOKLYN)

Watter invloed het tegnologie op ons en is ons altyd bewus daarvan? Dit is vrae wat ons vir onsself moet afvra as ons as christene tegnologie reg wil verstaan en gebruik. In hierdie artikel wil ek saam met jou dink oor tien tendense wat ons kan sien oor hoe tegnologie ons beïnvloed. Maar voor ons daarby uitkom, moet ek net eers 'n paar dinge duidelik stel.
Tegnologie is nie goed of sleg nie. Die kern funksie van tegnologie is dat dit 'n sekere leefstyl versnel of vergroot. Dit versnel en vergroot oplossings en dit vernel en vergroot ook probleme. Die slegste ding wat ons met tegnologie kan doen is as ons dink dit vervang persoonlike kontak. Alhoewel tegnologie nie beperk is tot digitale tegnologie nie, gaan ek wel meer daarop fokus aangesien dit die tegnologie is waarmee ons die meeste in aanraking kom en ons beïnvloed.

So watter invloed het tegnologie op my en jou? Dink net aan wat jy vandag al gebruik het. Miskien lees jy hierdie op jou foon of op 'n rekenaar. Of dalk is jy besig met 'n gesprek op jou foon terwyl jy hierdie lees. Sonder dat ons dit besef is digitale tegnologie deel van ons lewens of ons daarvan hou of nie. Kom ons kyk na tien dinge wat verander het as gevolg van tegnologie.

1. **Vryheid**
   Eerstens is ons toegang tot inligting seker die grootste verandering. Ons leef in 'n tyd waar Inligting vir die eerste keer nie afhanklik van gesag is nie. Ons het al dit deel van ons spreektaal gemaak om te sê: "ek google dit sommer". As jy inligting soek kan jy vinnig jou foon vat en iets daaroor in die hande kry. Dink nou ook sommer aan inligting oor die Bybel. Jy kan nou vinnig baie inligting kry, maar vra jouself af of dit geloofwaardig is en wat jy daarmee moet doen.

1. Die skuif wat dit by ons gebring het is nie meer of ons vra of inligting beskikbaar is nie, maar of die inligting geloofwaardig is en wat ons met daardie inligtingmoet doen.

2. **Veranderbaar en verpersoonlik ing**
   'n Paar jaar terug het

2. Moet nie te vinnig veralgemeen nie. Spandeer tyd om iemand goed genoeg te leer ken voor jy hom of haar raad probeer gee.

Elektroniese Kro'kant -- hoe dan nou??

mense soms net twee keuses gehad. Die keuses was "Take it or leave it" .3. Besef jou geloof is baie persoonlik maar dit is nie privaat nie. Die wêreld het nodig dat ons deursigtig en eerlik moet wees met wat ons glo. Ons moet ook eerlik wees oor ons worstelinge en hoe ons al sukkelend Jesus volgHenry Ford het onder andere die volgende gesê "Any customer can have a car painted any colour that he wants so long as it is black." Vandag lyk dinge aansienlik anders. Vandag kan jy jou eie liedjie laat speel as jou foon lui. Eintlik kan jy dit opstel dat dit anders is vir elke persoon wat bel. Jy kan jou agtergrond verander van jou rekenaar. Jy kan uniek wees net soos al die ander mense om jou. Die inlvoed wat hierdie op ons het is dat elkeen se storie belangrik is. Algemene antwoorde oor geloof werk nie meer vir die meeste van ons nie. Die positiewe invloed is dat ons nie meerone-size-fits-all oplossings vir ons probleme en geloofsworstelinge soek nie, maar aan die anderkant is ons nog nie bereid om dieselfde aan ander te gee nie. Ons stel mekaar steeds teleur met swak algemene antwoorde.

3. **Deursigtigheid en eerlikheid**

Met die toename in beskikbaarheid van inligting verwag mense ook meer deursigtigheid en eerlikheid. Meer en meer kom korrupsie in die openbaar en word landsgeheime ontbloot via die internet. Lande soos Egipte en Libië kom in opstand en lande soos Noord Korea sny weer sy mense af van die internet. Leiers en organisasies se geheime is oornag openbaar. Wanneer iets nie in die openbaar is nie, is mense skepties daaroor en voel dit of iemand iets wegsteek. Dit is baie positief aangesien ons as christene dit eintlik klaar moet uitleef. Ons moet die goeie nuus leef en deursigting wees met dit waarin ons glo. Maar ons is egter geleer geloof is privaat en nie publiek nie

4. **Integriteit**

Integriteit is die afstand tussen ons dade en ons woorde. Ek en jy is altyd besig om ons integriteit op te bou of af te breek. Is jy dieselfde persoon op Facebook as wat jy weg van Facebook is? Ons kan vandag via sosiale media meer weet van mekaar as wat ons in die

Elektroniese Kro'kant -- hoe dan nou??

verlede kon. Kom ek wees eerlik met jou. Ek sien baie mense wat mooi bybelverse op Facebook en twitter sit maar as jy met hulle gesels wonder jy soms of hulle daardie selfde verse glo. Of nog erger is dat wanneer jy die skakel tussen hulle woorde en hulle dade trek en jy sien hulle is mooi vroom op 'n Sondag maar Vrydag aand se foto's en opmerkings op sosiale media verklap 'n ander sy, verloor daardie persoon integriteitHoe lyk jou lewe? Bou jy aan jou integriteit of breek jy dit af? Tegnologie gaan dit net versnel en vergroot.

5. Prosumer van vermaak

'n Term wat deesdae gebruik word is 'n Prosumer. Dit is 'n kombinasie van 'n producer en 'n consumer. Ons is deesdae albei gelyk. Ons wil graag deelneem aan gesprekke en self videos oplaai al is dit net 'n paar sekondes lank. Ons is nie meer net verbruikers nie maar ook vervaardigers. Hierdie het 'n groot impak op hoe ons groei in ons geloof. Ons kan nie meer net van mekaar verwag om feite te verwerk en in te neem nie. Ons moet eerder mekaar aanspoor om iets te doen met daardie inligting. Miskien moet ons ophou om Bybelstudie te doen en begin om die Bybel te doen. Ons moet dalk ophou omslegs verbruikers te wees van geloof en dalk vervaardigers te wees van dade wat God verheerlik.

5. Ons moet vervaardigers word van goeie dade. Die beste is om ons geloof so sigbaar te maak

6. Gelyktydige samewerking

Weens die internet is dit deesdae moontlik om gelyktydig aan dokumente te werk, onafhanklik van waar jy in die wêreld is. Dit versnel produktiwiteit en vergemaklik groepswerk baie. Dit is 'n uitvloeisel van wat genoem word online collaboration. Hierdie is eintlik nie nuut nie want om saam met ander mense te werk bestaan al van die begin af. Die verskil is egter dat dit nie meer plek en tyd gebonde is nie. Sommige organisasies het virtuele kantore. Dit het nie 'n adres nie en hulle kan saamwerk waar ookal die werkers is, solank hulle internet toegang het. Die naaste koffiewinkel word dan mense se kantore. Wattter invloed het dit op ons?Hier moet ons onderskei

6. Jy hoef nie te wag om êrens heen te gaan voor jy saam met iemand te kan werk nie, jy kan vandag begin.

Elektroniese Kro'kant -- hoe dan nou??

tussen om langs mekaar te werk en om saam met mekaar te werk. Wanneer ons as kerk saamwerk is dit ook nie meer gebonde aan tyd en plek nie, maar ons kan die tegnologie gebruik ons saam met sendelinge aan die ander kant van die wêreld te werk. Groepe se geloofsgroei kan dan juis versnel en vergroot word deur op so manier saam te werk.

7. Spoed

Alles gebeur vandag teen 'n baie hoë spoed. Ons raak ongeduldig as ons moet wag vir 'n whatsapp boodskap om twee regmerkies te kry. Ons doen dinge vinniger maar geniet dit minder.Dit maak dat ons verwag dat probleme vinnig moet opgelos word. Hier is dalk die grootste impak wat ons op kultuur kan hê. Gebruik tegnologie om dinge te versnel maar lewe asb stadiger.

S-L-O-W
Serving-Loving-Obeying-Worship
Wees diensbaar
Wys vir iemand jy het hom/haar lief
Wees gehoorsaam deur te doen wat jy moet Aanbid God as die Begin en die Einde

8. Innovasie

Innovasie is nie om net ou probleme op te los nie maar om nuwe moontlikhede te skep waaraan mense nog nie gedink het nie. Voorbeelde hiervan word elke dag net meer en meer. Ek glo dat ons as christene die skeppingsopdrag het om te heers oor die skepping, en dit deur innovasie. Ons doen dit soos Adam wat vir die diere name gegee het, of soos hy die tuin bewerk het. Ons moet nie nie net 'n natuurbewaarder wees nie maar 'n tuinier. Ons kan musiek maak uit klank, kuns uit kleure, gedigte uit woorde, geboue uit grond, en ons kan God verheerlik hiermee.

8. Ons moet tegnologie gebruik om op nuwe en beter maniere God se glorie sigbaar te maak.

9. FOMO - Fear of mission out

Ek is daarvan oortuig dat jy al 'n paar keer na jou foon se skerm gekyk het terwyl jy hierdie artikel gelees het. Ons noem dit FOMO: die vrees omiets mis te loop (Fear Of

9. Vra jouself af waarmee is God besig nou, hier, rondom jou? Wees vir 'n rukkie onbereikbaar op jou foon en wees bereikbaar vir dit wat hier en nou besig is om te gebeur.

Elektroniese Kro'kant -- hoe dan nou??

Missing Out). Ons aandag word die hele tyd afgetrek deur 'n vibrasie, 'n liggie of 'n geluid. Hierdie onderbrekings veroorsaak dat ons heeltyd wonder of is dit nie dalk iets is wat ek mis nie. En raai wat gebeur, ons mis iets. Ons mis die hier en nou waarmee ons besig is want ons wil eintlik op 'n ander plek wees Ignoreer bietjie jou foon en skakel af. Geniet die stilte en die plek waar jy nou is. Dit is ook deel van God se plan. Die waarheid is, jy loop nie iets mis nie want lewe gebeur nou rondom jou en nie op jou foon nie.

10. Deel.

10. Dink mooi voor jy iets deel. Gebruik die tegnologie tot jou bekikking om mense te wys hoe jy waarlik Jesus volg en nie net wat jy vir middagete gehad het nie.

Ek was een keer op 'n staptoer en wou 'n baie mooi toneelafneem en share. Maar my foon se battery was pap. Eers was ek teleurgesteld totdat ek besef die toneel is nou voor my. Dit is asof ons begin glo het dat iets nie bestaan tot ons dit met iemand gedeel het nie. Om te deel het positiewe en negatiewe aspekte. Positief hou in dat ons in 'n samelewing leef waar ons meer en meer dinge maklikermet mekaarkan deel. Ons kan met vrymoedigheid ons opinies uitspreek en dit is asof dit verwag word van ons. Maar aan die negatiewe kant is ons ook deesdae besig om te veel te praat en te min te sê. Dit is asof ons hierdie dryf het om net dinge te wil deel sonder om intensioneel daarmee te wees nie.

Tegnologie is iets wat tot ons beskikking is of ons dit wil gebruik of nie. Ek dink ons moet eerlik met mekaar wees oor hoe dit ons beïnvloed en veral oor hoe dit ons geloof beïnvloed. Dit kan goed of sleg wees, maar die kern is dat dit net dít wat in jou lewe gebeur, vergroot of versnel. Moet dus nie bang wees om nuwe tegnologieë aan te leer nie, gebruik dit om as dissipel van Jesus ander te dissipel, maar moet nooit tegnologie gebruik om jou verantwoordelikhede teenoor ander mense te vervang nie.

Mag jy besef dat ons vry is om ook oor tegnologie te heers.

DINK BIETJIE HIEROOR...

WAT MY EN MY FAMILIE BETREF, ONS SAL DIE HERE DIEN...

Onthou jy die dag toe jy jou kind laat doop het - daardie dag toe jy voor God en voor die gemeente 'n belofte gemaak het? Jy het belowe dat jy jou kind na jou vermoë in hierdie leer sal onderrig. "Hierdie leer" is natuurlik dit wat die Bybel ons leer, en wat ons in ons belydenis bely.

Het jy geweet dat hierdie verbondsonderrig van ouers aan kinders die belangrikste verbondsonderrig is wat jou kind ooit sal ontvang? Ja, ek weet jy het ook belowe dat jy hulle sal laat onderrig hier by die kerk, maar dit is nie die belangrikste verbondsonderrig wat hulle moet kry nie. Nee, die kerk help maar net!. Hier by die kerk kry hulle boonop net een keer 'n week, vir 'n baie kort tydjie, onderrig oor hierdie leer, en dit is glad nie genoeg nie.

Kinders (en kleinkinders) het baie meer verbondsonderrig nodig. Hoor wat beveel die Here verbondsouers in Deut. 6:6-7:

"Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het,
moet in jou gedagtes bly.
Jy moet dit inskerp by jou kinders
en met hulle daaroor praat
as jy in jou huis is en as jy op pad is,
as jy gaan slaap en as jy opstaan".

Die Here weet in sy almag dat kinders baie meer verbondsonderrig nodig het, as daardie halfuur elke week by die katkisasie. Daarom beveel Hy ouers om hulle kinders te onderrig in die geloof, oral waar hulle gaan, en baie gereeld – ten minste twee maal paar dag. Hoe meer jy met jou kinders kan praat oor ons geloof, en oor God en oor wat Hy ons leer in sy Woord, hoe beter! God beveel ook nie net dat ouers oral en gereeld met hulle kinders daaroor moet praat nie, nee - hulle moet dit boonop ook nog by hulle kinders inskerp! Kinders se geloof en kennis van die Bybel kan dus wees soos 'n data-projektor se beeld wat nie mooi ingestel is nie. Hulle weet 'n paar dinge van die Bybel, en van God, en van ons belydenis, maar hulle beeld is maar dof. Dit is jou taak as ouer om hierdie dowwe beeld by jou kinders in fokus te bring. Ons geloof en dit wat die Bybel ons leer en wat ons bely moenie vaag en onduidelik vir hulle wees nie. Nee, dit moet helder en duidelik vir hulle wees, en dit is jou taak!

In Psalm 78 leer ons ook van die verbondonderrig wat ouers aan kinders moet gee.

"Wat ons gehoor het en wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het,
sal ons vir ons kinders nie verswyg nie.
Ons sal aan die volgende geslag vertel
van die roemryke dade van die Here en van sy mag,

van die wonderdade wat Hy gedoen het.
Hy het aan Jakob sy voorskrifte gegee,
aan Israel sy onderwysing.
Hy het ons voorvaders beveel
om dit aan hulle kinders bekend te maak,
sodat** die volgende geslag dit kan **weet
en die kinders wat nog gebore sal word,
dit weer aan húlle kinders kan vertel.
*So sal hulle dan op God **vertrou***
en nie vergeet wat Hy gedoen het nie,
*maar **gehoorsaam wees** aan wat Hy beveel het (Ps. 78:3-7).*

God se bedoeling is dus dat die verbondsonderrig primêr by die huis moet plaasvind. Ouers moet dit aan hulle kinders vertel. Hierdie kinders moet dit weer aan hulle kinders vertel. Hierdie verbondsonderrig van ouers aan kinders moet ook drie dinge tot gevolg hê: In die eerste plek moet kinders weet. Hulle moet kopkennis hê. In die tweede plek moet hulle ook op die punt kom waar hulle vertrou. Hulle moet ook hartskennis hê. In die derde plek moet hulle ook gehoorsaam wees. 'n Kind moet dus nie net ken en vertrou nie, maar sy kennis en vertroue moet ook oorgaan in dade. Jakobus leer ons mos 'n geloof moet oorgaan in dade (Jak. 2:14-26).

So, wat kan ek prakties gaan doen om my belofte na te kom wat ek by my kind se doop gemaak het?

- Lees Bybel en bid saam met jou kinders elke dag voor hulle gaan slaap. Jy kan al met jou kinders begin al is hulle nog babas. Leer hulle van kleins af om in die gewoonte te kom. Jy sal verbaas wees hoeveel klein kinders al verstaan.
- Doen huisgodsdiens elke dag. Vra vrae na huisgodsdiens, en maak seker hulle verstaan. Bid saam. Sing saam. Indien jou kinders al kan lees, gee hulle die geleentheid om te bid en te lees.
- Indien jou kinders al kan lees, maak seker hulle doen ook self persoonlike Bybelstudie en gebed.
- Maak seker hulle berei deeglik voor vir katkisasie. Vra vrae oor die les elke week, om seker te maak hulle verstaan inderdaad wat in die les behandel is.
- Bespreek die preek Sondag na kerk. Maak seker hulle verstaan wat gepreek is.
- Praat met hulle oor jou geloof. Laat hulle met jou praat oor hulle geloof. Weet wat gaan aan in hulle hart. Praat met hulle oor die Here, en vertel vir hulle hoe jy die Here persoonlik beleef.
- Leer hulle wat dit is om daagliks in 'n lewende verhouding met die Here te wees.
- Wanneer jy op pad is, veral wanneer julle as gesin saam God se wonderlike skepping beleef, praat met hulle oor die grootheid van God.
- en ja, maak ook seker dat hulle katkisasie en eredienste bywoon.

A family that prays together, stays together...

- Marcel Floor -

Totsiens aan Marcel Floor

Vir die afgelope maand was hy 'n bekende gesig op baie plekke en in baie fasette van ons gemeentelewe . Van huisbesoek saam met ds Danie, Bybelstudies , kleuterskoolbesoeke, kuier tussen die boere daar waar hulle werk, hospitaalbesoek tot pastorale hulp. En boonop was hy 'n permanente inwoner in die pastorie. Op al hierdie genoemde terreine het hy diep in almal se harte ingekruip. Met sy vriendelike glimlag en innemende geaardheid was hy regtig 'n aanwins vir ons hier in Krokodilrivier. En elke naweek het sy vroutjie Jacqueline en pragtige pop Claudia ook vir ons kom kuier.

Ons as gemeente bid vir hulle as gesin en vir hom in die besonder die seën van die Here toe. Ons dra hom in sy studies en ook met die beroepbaarstelling aan die einde van die jaar, biddend aan die leiding van die Heilige Gees op. Vir hulle as gesin hou die jaar heelwat veranderings in en ook daarin dra ons hulle op aan die liefdevolle versorging van die Here op. Ons sal jou altyd met groot waardering onthou.

Susterdinge

Wie sou kon dink dat ongeveer 30 van susters sommer so goedsmoeds op 'n gewone Vrydagaand op Durbanse strand kon uitspan? Met die tone in die sand, vrolik gekleurde sambrele, opblaas-eende en –balle --- wie kan nou vir meer vra? (Christelle , Dossie en Annalize)

Ons het saamgelees uit Eksodus 34 waar Moses by die Here aangedring het om hom te verseker dat Hy wel saam met die volk verder sal trek ten spyte van die volk se ontrouheid en sonde. En dan antwoord die Here vir Moses in sy groot genade :
" Ook wat jy nou gevra het het, sal Ek doen. Ek is jou goedgesind en Ek ken jou op jou naam." (:17) Met hierdie troosryke gedagte gaan ons die onbekende 2016 tegemoet. En watter groot troos is dit nie!!

Ons het ook vormpies ingevul om deel te hê aan die "Susters wat mekaar dra". Dit is 'n nuwe manier om mekaar se geheime vriendinne te wees. Ons streef daarna om mekaar in goeie en slegte tye deur gebed en meeleef by te staan. Indien daar nog susters is wat hieraan wil deelneem, kan julle gerus met Venita kontak maak.

En toe het ons gesmul : heerlike tuisgebakte broodjies (Kotie) se koppe is afgesny en dit is uitgehol . Daardie gaatjie is opgevul met die smaaklikste skaapvleisies wat gaargemaak is op die Indiese manier (Anriette, Ciska en Riana). Dit is mos nou regte Durbankos : "Bunny Chows". Daarmee saam het pikante tamatiesalsa gekom (Johanna). Alles is afgerond met Paal Payasam : ryspoeding gegeur met kardamom en met geroosterde kasjoeneute en rosyne bo-op. Ons het heerlik gesmul.

Baie dankie aan die susters van blokke B en D wat hierdie aand met soveel moeite maar tog soveel vreugde aangebied het.

Belydenisklas 2016

Annelize en André vd Walt

(André Snr in die hospitaal met breinvleisontsteking)

Betsie, Marli en Pieter du Preez

Estie, Elsa en Paul Siebert

Nico, Wessel en Riana Engelbrecht